
# Materie toestande

## Graad 4: NWT

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Wat is materie?

Materie is **alles** rondom ons en vorm al die materiale en stowwe wat op die Aarde bestaan.




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Materietoestande

Materie en materiale kan in **drie verskillende vorms** bestaan:

Ek is ‘n VASTE STOF!



Ek is ‘n GAS!

Ek is ‘n VLOEISTOF!

Laerskool Mikro Kopiereg ©





# Vaste stof



- ‘n Vaste stof het ‘n **vaste vorm**
- Die vorm van ‘n vaste stof **verander nie maklik** nie
- Die enigste manier waarop hulle van vorm kan verander, is deur **krag**








Laerskool Mikro Kopiereg ©





# Vloeistof



- ‘n Vloeistof het **geen vaste vorm** nie
- ’n Vloeistof **neem die vorm van die houer aan** waarin dit is
- Vloeistowwe **vloei**






Laerskool Mikro Kopiereg ©





# Gas


- ‘n Gas het **geen vorm** nie, maar neem ruimte in beslag
- ’n Gas **beweeg vrylik rond** en **versprei** in oop ruimtes in
- Gasse sal **nie in ‘n oop houer bly** nie, maar kan in ‘n geslote ruimte vasgevang word
- Lug bestaan uit **verskillende gasse**











Laerskool Mikro Kopiereg ©




# Materietoestande

Water kan in al drie materietoestande voorkom:




| VLOEISTOF | VASTE STOF | GAS |
|---|---|---|
| Water | Ys | Waterdamp |

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Verandering van toestande



Volgende week gaan ons meer daaroor leer!

Laerskool Mikro Kopiereg ©